

**Saterdag 15 Julie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2:5-18**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 2:10-11**

**God bied redding op die nood deur Christus Jesus**

Baie keer kan ons dink: “Sjoe, was dit regtig nodig gewees dat Christus aarde toe moes kom, ’n lelike en dramatiese dood moes sterf vir ons?” of: “Is dit regtig die moeite werd gewees dat ons Koning moes ly sodat ons gered kan word?” In hierdie teks kom dit amper voor asof Paulus vra of die Here Homself weerspreek. God wou almal laat deel kry aan die heerlikheid (vs 10) en daarom moes die redding en die verlossing kom. Kortom, nee dit was regtig nie onnodig gewees dat Christus gekom het om skaars minder te wees as die engele om sy troon nie.

Die skrywer haal Psalm 8 aan, waar die Heilige Gees die Psalmdigter ook geïnspireer het om deel te hê in die heerlike rykdom van Wie God is. Nou herinner die Heilige Gees ook vir Paulus daaraan wanneer hy hier skryf. Die Gees herinner ons herhaaldelik dat daar waarlik heerlikheid, regverdigheid en vreugde daarin is om by die Here te wees. As gevolg van ons sondetoestand kan ons dit nie volkome beseef en najaag nie. Daar was waarlik ’n nood vir verlossing. God het nie weggekram om ’n oplossing te bied vir die probleem nie, en so ondervind ons die verlossing wat ons Leidsman vir ons bied.

Juis omdat, soos Paulus ook getuig (vs 11) ons en Christus uit een Vader kom, kry ons daarom ook deel aan die heerlikheid en ywer wat daar is in die verlossing wat Christus bied. Hierdie ywer en heerlikheid wat ons verlossing vir ons bied, is die dryfveer wat ons laat verstaan hoe lief God ons het. God het ons verlos! ’n Meer wonderlike stelling is daar nie. God het ons verlos deur Christus sodat ons saam met Christus een kan wees met die Vader. Daarom kan ons lewe as nuutgebore kinders van God en beseef die nood vir ons verlossing is beantwoord.

*Sing: Psalm 8-1:4, 5, 6*

*Ds. EA Venter (Erasmus) (Okahandja)*